WEEK 24 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. ALGEMEEN:

SKITTERVROUE SE NASIONALE VROUEKONFERENSIE VIR 2017:

Hierdie Nasionale Vrouekonferensie wat op **8 en 9 September 2017** in die Kopanong-Sentrum (voorheen Kovsiekerk), te Bloemfontein, gaan plaasvind, beloof om 'n geestelike hoogtepunt vir elke vrou te wees. **Dr Jannie le Roux**, die gasspreker, se tema vir die geleentheid is, ***DIE WONDER-WERK VAN VREUGDE*!** Gedurende dié Konferensie gaan vroue wat tydens die Tsunami in Phuket met wittebrood was getuig, asook vroue wat reeds vir baie jare 'n stryd met kanker voer… **Vroue, moet asseblief nie hierdie besondere geleentheid spesiaal vir julle, misloop nie, bespreek deur hier te klik. Onthou ook:** Verblyf is beskikbaar teen R190/persoon by Oranje Meisieskool. Stuur asseblief vroegtydig 'n e-pos vir Beneli by **elizabethleroux@ymail.com**

DIE #CONNECT-KAMP VIR HOëRSKOOL TIENERS:

Dit is 'n kamp vir tieners van graad 7-12 en bied aan hulle die geleentheid om weer met God, ander gelowige tieners en hulself te kom "connect". Dit is 'n plek waar ons kinders hulleself kan uitleef en baie pret kan verwag saam met 'n goeie dosis geestelike groei. Die kamp het plek vir 120 kinders en **inskrywings sluit 20 September 2017** - klik **hier** vir die **inskrywingsvorm**. **Gemeentes moet spring om hul kinders in te skryf en die betalings te doen.**

Aanbieders by die kamp is di Wollie Grobler, Tano Bongers, Morné Bruwer, Braam Smit en prop Cecilna Grobler. Sy is ook die nasionale koordineerder en as daar enige navrae is, is julle meer as welkom om haar te kontak op 084 583 2925, 051 401 3478 (k/u 08:00-16:00), of 'n faks te stuur na 086 608 5372, of per e-pos na **connecttienerkamp@gmail.com**

KOM KAMP BY FLORADALE HAVEN: Is jy lus om jou volgende vergadering of kamp, in 'n rustige omgewing deur te bring, kyk dan na Floradale Haven wat onder beheer van die Bediening: Vennote in Getuienis, staan:

2. GEMEENTENUUS:

NG GARDENIAPARK:

Kontak NG Gardeniapark se Kerkkantoor Ma-Vr vanaf 08:00-13:00 by 051 522 0392, of stuur 'n e-pos aan **ngkgardenia@telkomsa.net**

NG HOSPITAALPARK:

NG HARRISMITH:

'n Musiekbedieningsgroep van die gemeente sal die sang en lofprysing tydens hierdie geleentheid lei. Daar sal ruim geleentheid wees vir gebed en aanbidding. Die tema, ***Manne by 'n kruispad***, behoort vir elke man en seun 'n aansporing te wees om hierdie naweek by te woon. Koste is R100pp en sluit onder andere twee etes en verversings in.

NG BLOEMFONTEIN-WES: Die bekende sangpaar, **Francois en Elizabeth**, bied op **Vrydag 1 September 2017 om 11:00, 'n Lentekonsert aan, spesiaal vir die senior burgers.** Die konsert word by die NG Bloemfontein-Wes, Walter Sisuluweg (voorheen Haldonweg), aangebied. *As gevolg van die padwerke aan Walter Sisuluweg, gebruik die ingang by die kerksaal in Victoriaweg.* Dit dien ook as 'n fondsinsamelingsgeleentheid vir die gemeente om fondse in te samel, sodat hul lidmate in die gemeente kan help wat finansieël swaar kry. Die sangers het 'n besondere sagte plekkie vir ouer mense en wil hulle graag spesiaal kom bederf met musiek wat so reg in hul smaak sal val, dus sal daar na 'n wye verskeidenheid liedjies, sowel as gewilde *Golden-oldies*, geluister kan word. Alhoewel die konsert gerig is op ouer persone, is enige iemand welkom om dit saam te kom geniet. Na afloop van die konsert sal iets ligs te ete en te drinke in die Kerksaal aangebied word.

Kaartjies is R25pp en is vanaf 10:00 by die deur beskikbaar. Vir vooraf besprekings, kontak die Kerkkantoor by 051 444 2403 (k/u tussen 9:00 en 12:00), of vir Conrad by 076 418 8506 (tussen 17:00 en 21:00). Die sangpaar se albums sal ook na die konsert te koop wees, met pryse tussen R60 en R100.

NG WILGEHOF:

NG VERKEERDEVLEI: